Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

17 Augustus 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Miga 3:5—5:4
Teks: Miga 4:3; 5:1-4
Sing: Ps. 118:1,14; Ps. 103:6,7; Ps. 105:21; Ps. 33:11

MIGA– MAN VOL VAN REG EN HELDEMOED

Wanneer is vrede werklik haalbaar? Wanneer sal 'n boer eerder van 'n kanon 'n trekker kan maak en van spiese daar eerder snoeiskêre gemaak word. Is sulke werklike blywende vrede haalbaar?!

Ons kyk na Miga deur eerstens te kyk na die ernstige klagtes wat na vore kom. Tweedens wanneer kan daar vrede kom. Laastens God se welbehae lê in sy goedheid.

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voort
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: Mattheus 18:1-14; 1 Johannes 3
Kategismus: Sondag 46
Teks: Mattheus 18:3; 1 Johannes 3:1a
Sing: Ps. 68:9; Ps. 66:1,9; Ps. 104:1,2,20

OM GOD VADER TE MAG NOEM

Watter voorreg om God as Onse Vader te mag aanroep. Hy wat eerstens Christus se Vader is. Die ONS verwys na Christus se Vader en my Vader. Hiermee saam sien ons die groot voorreg en die liefde wat God aan ons bewys het dat ons kinders van God genoem word. Die diepe betekenis van hierdie kindskap moet ook in die eerste bede na gesoek word.

.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/Tettol
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 18 en 19(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy
Diensbeurt (24/08) (Wyke 20 en 21)
Ouderlinge: Willem du Plooy (sr.)
Diakens: Nico Venter en Eugene Koole

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Willie Buys se gesondheid is steeds nie goed nie. Ons vertrou dat die verandering in medikasie geseend mag wees. Ons dink ook in ons gebede aan **sr Ansie Putter** wie se dogter in Amerika baie ernstig siek is. Mag die Here gee dat die behandeling mag slaag en daar vir haar genesing mag wees. **Br Johan Vosloo** se operasie aan sy knie is vir eers onbepaald uitgestel. Ons bid **sr Beatrix Vermeulen** herstel toe na die operasie wat sy moes ondergaan. Ons is die Here baie dankbaar vir die verbetering wat by **br Dries de Ridder** ingetree het. Mag die goeie hand van die Here wat hierdie ge nade bewerk dit ook bevestig en laat voortduur. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

65+ SAMEKOMS

Dit is wit, dit is blou//
Dit is vir jou om te onthou//
Ons kuier weer,// by die saal se deur ...

Die volgende besondere geleentheid vir al die 65 "plussers" is DV 23 Aug. Dit vind plaas by ons kerksaal. 9h30-10h00. Laat weet asb. vir sr Amanda by kerkkantoor om teenwoordigheid te bevestig. 012-3262290

BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerkraad het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die projek na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons webblad by http://bit.ly/1q8Ag4h Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer "heel te maak".

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens**	DVB	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Instand-houding
24/08/2014 **1ste diens**	DVB (Spes. Kollekte Zimbabwe)	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
20/08	Dii. Venter en Rossouw doen visitasie by Eloffsdal
24/08	Voorbereiding
31/08	Nagmaal en nabetragting
01/09	Ds. Venter langverlof begin

ETE NA NAGMAAL+ SÊ TOTSIENS

Die kerkraad het op versoek van gemeente samekoms-kommissie goedgekeur dat ons gemeente ete ná eerskomende Nagmaal (31 Aug. 2014) die jaar se afsluit-funksie sal wees. Ds. Venter en egg vertrek daaropvolgende week oorsee en oudl. Andries du Plessis vir baie jare ons skriba en steunpilaar gaan ook uit ge meente vertrek waar hulle na Paarl verhuis. Ons afsluit funksie is dan ook ''n totsiens-geleentheid. Ons gaan saam ''n vleisie braai. Almal bring hulle eie eetgerei en drinkgoed wat ''n massa skottelgoed sal voorkom. U word dan versoek om solank u name by die kerkkantoor (0123262290) op te gee wie almal die geleentheid wil bywoon. Die getalle is nodig vir die berekening van die aankope wat gemaak moet word en hoeveel kos voorberei moet word.

.BESKUITPROJEK

Al ons lidmate 70+ se beskuitpakkies is gereed. Daar is begin om dit verlede Sondag uit te deel. Die wat nog nie gekry het nie kan tussen die twee dienste dit in kombuis kom afhaal.

KOLLEKTE ZIMBABWE

Vandag se DVB kollekte gaan vir die nood in Zimbabwe. Die diakonie van die Gerf Kerk Messina word hierin bygestaan.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 19

19:8, Moses. . . toegelaat – In die eerste plek *weet* Christus dat Moses nie egskeiding met daardie reëling wou aanhelp nie. Hy wou deur die opstel van die skeibrief en die getuies juis oorhaastige skeiding teenwerk. Dit beteken dus *nie* dat Moses daarmee `n nuwe gebod gegee het, wat met God se oorspronklike bedoeling in stryd was nie.

Hardheid van hulle harte - `n Volgende hou word teen die Fariseërs geplant, wanneer Jesus die "vaders"- wat so deur hulle vereer is – as sondig en verkeerd verklaar. Dit was `n skande op die voorvaders se naam dat verkeerde begeertes en gebrek aan liefde tot skeiding gelei het. Moses het eintlik mishandeling en miskien moord wou voorkom. Die Fariseërs het nie gesien hoe Moses die mense wou dwing om die huwelik reg te waardeer nie.

Christus baan met Sy antwoord die pad na `n hoër moraliteit - `n beter etiese lewe. In wese het die Here Hom dan uitgespreek teen dit wat vroeër toegelaat was. Ons moet leer dat die huwelik nie maar `n kontrak tussen twee mense is nie, maar iets wat deur God Self daargestel word.

Was dit nie so nie - Hulle word weer voor die HERE se oorspronklike doel met die huwelik te staan gebring: "Wil julle God dan weerspreek ?"

19:9, egbreuk – Met "hoerery" bedoel Christus lyflike ontrouheid.

Hierby dinge om oor opmerkings te maak:

(1) As mense uitmekaar gaan sonder dat daar egbreuk was, volg letterlike egbreuk eers wanneer een weer trou of met iemand anders gemeenskap het.

(2) As een eggenoot geestelik of andersins deur die ander afgebreek word of sleg behandel word, *kan* aangeraai word dat van bed en tafel geskei word. Egbreuk volg egter ook dan eers wanneer een van die twee met iemand anders gemeenskap het.

(3) Die HERE het in die Woord in baie sake aangesluit by die spreekwyses van daardie tye, daarom word die *manlik* gebruik om oor sake te praat. Veral nou, dat die vrou in Christus in haar regmatige plek herstel is, kan "man" en "vrou" in hierdie voorskrifte omgeruil word. Bv, as die *man* egbreuk pleeg, het die vrou ook die reg om te skei.

(4) Daar is al baie gestry, of op grond van hierdie woorde van Christus geredeneer kan word dat iemand wat voor die huwelik met iemand anders gemeenskap gehad het, die huwelik eintlik tot niet maak. Sommiges meen dat dit ook die reg gee tot skeiding, terwyl ander meen Jesus bedoel alles net vir nadat `n huwelik gesluit is.

In ons lewe deesdae raak dit al moeiliker om te bepaal waar en wanneer skuldig was. Ons moet daarom meer klem lê op trou wees, matigheid, maar *ook* dat ons moet lig loop vir ligvaardige oordeel.

19:10-11, nie wenslik om te trou nie – Vir die Dissipels moes dit net so swaar wees as vir die ander mense om hierdie veel strenger Wet oor die huwelik te hoor. Hulle het nog nie geleer dat in die Koninryk dit die genade van God is wat die mens se natuurlike neigings oorwin nie. God sterk die swakkes en hy leer ons om in die stryd teen die sonde te volhard.

Christus het nie bedoel dat die huwelik onwenslik is nie. Dit is tog `n wonderlike instelling van God. Die Kerk op aarde moet immers gebou word uit die vaste bodem van Christelike huwelike. Die getal van die uitverkorenes moet vol word.

Stem Jesus saam met die Dissipels dat dit beter is om maar nie te trou nie ? Beslis nie. Hulle is eerder verkeerd, om dit van die negatiewe kant te besien. Hulle bedoel eintlik dat, as dit so onmoontlik is om te skei, dit nie die moeite werd is om te trou nie. Dit is beslis nie hoe die Here dit bedoel het nie.

19:12, wie dit kan vat – *Totius het na hierdie vers verwys in `n artikel oor* afskaffing. *Jesus praat oor ingetoënheid en matigheid. Soos Paulus later ter wille van die Koninkryk se werk nie getrou het nie, was daar al andere en sal daar sekerlik nog sulke toegewyde mense kom. Jesus stel hierdie mense vry van die opdrag van die HERE aan die mens om te vermeerder. Matigheid, ook in ander sake, is moeilik om daagliks na te volg. Paulus het selfs gepraat oor die eet van vleis. Hy sou dit nalaat as dit sy broeder laat struikel, as dié sou dink hy mag deel neem aan afgodsoffers.*

*`n Saak van onthouding is* ***`n saak tussen elke mens en God****, soos alle geloftes. Buitengewone omstandighede is die oorsaak van so iets. Daarvoor sluit mens nie by `n "orde" aan nie* (soos bv Roomse nonne- of monnikordes). *So iets sou die gelofte van "sy karakter beroof en `n steun op mense wees. Dit doen skade aan die godsvrug. Natuurlik moet `n mens hierin baie versigtig handel. Laat elkeen in sy gemoed ten volle verseker wees. Word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukkery; *2 Aug. 1778–* Eerw Erasmus Smit gebore; *3 Aug. 1853–* Eerste Algemene Kerkvergadering op Potchefstroom; *3 Aug. 1863–* Eerw Erasmus Smit oorlede; *4 Aug. 1688–* Derde skip met die Franse Hugenote vertrek uit Nederland; *4 Aug. 1914–* Uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog; *5 Aug. 1866–* Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; *5 Aug. 1939–* Dr. HCM Fourie oorlede; *10 Aug. 1783–* Louis Trichardt gebore; *13 Aug. 1901–* Kalman Lion Cachet sneuwel tydens Tweede Vryheidsoorlog; *15 Aug. 1865-* Louw Wepener sterwe; *18 Aug. 1665–* Eerste voltydse predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; *20 Aug. 1653–* Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. J Backerus; *24 Aug. 1572–* Barthlomeusnag; *24 Aug. 1801–* Ds. Daniel Lindley gebore; *24 Aug. 1958–* Adv JG Strijdom oorlede; *25 Aug. 1688–* Aankoms van die eerste Hugenote; *26 Aug. 1914–* Nasionale Party word gestig; *26 Aug. 1919–* Dood van genl. Louis Botha; *27 Aug. 1933–* Eerste Afrikaanse Bybelvertaling on gebruik geneem; *28 Aug. 1799–* Susanna Smit (egg Errasmus Smit suster van genl. Maritz) gebore; *28 Aug. 1887-* Jopie Fourie gebore; *29 Aug. 1688–* Ds. Pierre Simond sluit hom by Hugenote aan; *30 Aug. 1864-* Siener van Rensburg gebore

BEROEPENUUS— 17 Aug. 2014
Beroepe ontvang
Ds. RA Bain van Cachet na Outjo/Biermanskool kombinasie
Ds. GS Kruger van Centurion na Nylstroom
Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Tsumeb
Ds. HC van Rooy van Randburg na Pretoria-Alkantrant
Beroepe aanvaar
Ds. C de Beer van Boksburg-Suid na Prtoria-Brooklyn as medeleraar
Beroepe bedank
Ds. JJ de Bruyn van Harrismith na Phalaborwa

"PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID" (4) - P Niemeijer
Vervolg van verlede week
By die toesig tot die nagmaal vra ons as kerke instemming met hierdie leer. Die leerboek waarin ons die leer aan ons dooplidmate oordra, is die Heidelbergse Kategismus. Wat daarin aan katkisante aangebied word, is nie 'n deel van die leer van die Skrif waarmee jy instem met die hoop dat die ander belydenisskrifte nie vir jou verrassings gaan oplewer nie. Nee, die Kategismus leer—weereens! – "die ware en volkome leer van die saligheid". Wie hom die Heidelberger gelowig toeëien, nie verstandelik of abstrak, geabstraheer en losgemaak van die Skrif nie, kry in die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls wel invulling, nie aanvulling nie; kry soms verrassende verdieping, maar nie diep verrassings nie. Want met die Kategismus eien jy jou die leer van die Skrif toe: die waarheid. En dit is nie minder diep en breed as die leer van die kerk nie!

Waarheid en kerk

Die apostel Paulus noem die kerk van die lewende God "*pilaar en grondslag van die waarheid"*. Opvallend ruil sommige Bybelvertalings die begrippe om. Dit wys daarop dat ons die twee woorde nie te sterk van mekaar moet onderskei nie. Dit is 'n woordepaar wat ons te staan bring voor die skelet of raamwerk van 'n bouwerk. Die een dui op iets wat wat 'n ondersteunende funksie het. (Sien Nederlandse Nieuwe Vertaling se "fundament" vir die Statenbijbel se "vastigheid". Die Griekse hedraiomaì, "stut", is afgelei van hedraìos wat "onbeweeglik" beteken – vertaler.) Die ander begrip gaan oor iets wat stabiliteit gee. Die begrippe saam dui 'n versterkte en stabiele boukonstruksie aan. Mens kan dink aan 'n vestingwerk. *Vervolg*

DIE KWARTELTJIE- 15 jaar!

***Die Kwarteltjie* –ons as gemeente se kwartaallikse gemeenteblad is vanjaar 15 jaar reeds aan die gang. Die volgende uitgawe wil graag op die afgelope 15 jaar fokus. Die sperdatum vir artikles het reeds verstryk. As u dringend iets wou plaas moet u met br Nandor Sarkady die redakteur skakel.**

18/08– Adriaan Boersma 0828872272	21/08—Johan de Beer 0824665560
18/08– Petro Riphagen 0833761960	22/08– Christo Venter 0732109257
20/08– Linda van Schalkwyk 0828736934	24/08– Winnie Lourens 0837434930
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

Aan 'n nuwe wa kan jy sien of dit 'n goeie skilder was, aan 'n oue of dit 'n goeie wamaker was – CJ Langenhoven